



Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619
 Crossroad Gospel Message: FNB Account Nr 62355533540, Branch Code 250655

Loof die Here, want Hy is goed! SA GOD RALLY 6-9 April 2012



Dit was 'n langnaweek wat min van ons sal vergeet! Ons het hard gewerk, maar dit was verseker elke sent en druppel sweet werd! Francois, Pieter en hul span het al van die vorige week af 12 bosstorte gebou!

Die landskap langs die rivier was ongelooflik mooi en mens kon werklik God se grootheid om jou sien en ervaar die hele naweek. Orals het tentjies of karavane gestaan, vuurtjies het gebrand en jy kon heeldyd mense hoor lag en gesels. Die atmosfeer was great! Die kinders het elke oomblik geniet en daar was speletjies en pryse vir oud en jonk.

Die **inskrywings vir die Concourse** was oorweldigend en ons het ongeveer 50 bikes ingeskryf!



Dan was daar ons **Power Hour vir couples** en was dit nou vir jou lekkerrrr...so saam met die blou bakkie vir die wat die geskiedenis ken! Ons kyk nou om 'n **naweek kamp** aan te bied en glo dit gaan sommer vir ons almal 'n bietjie "skop" in ons huwelike sit!



Saans het ons **SA GOD RALLY IDOLS** gehad en was dit nou vir jou pret! **Tony Steyn**, een van ons kunstenaars het dit aangebied en ons briljante kunstenaars **Christiaan Marx (Exintro Ministries)**, **Johan Vercuiel**, **Cecilia Jane**, **Stephan du Plessis** en **Dawie Fourie** was die beoordeelaars.



Ons het tot 'n **Wooden Mic Award** gehad en ons Idols was behoorlik op hulle stukke! "Bring jou Hart, bring jou lewe na die Klein Karoo" van Theuns Jordaan is oor en oor gesing tot groot frustrasie van die beoordeelaars! Dankie aan elkeen wat deelgeneem het en ons het regtig uitstekende talent ontdek tussen ons bikers!!

Die Crossroad Bikers Church Netwerkerke verteenwoordig goed!

Dit was wonderlik om te sien hoe baie van ons pastore het die rally bygewoon het. Ons besef die rally is in 2 maande beplan en gereël en baie het reeds hul paasaweek beskrykings gehad.

Nogtans sê ons dankie vir **Bomb Shelter Pretoria- & Sabie-, Maritzburg-, Lowveld-, Vaal Triangle, North West- & Stellaland Bikers Church** wat verteenwoordig het! Julle was so 'n groot blessing! Ons het vir Bomb Shelter Pretoria en Sabie op die eiland laat bly, want mens kan nie met hulle huishou nie....(lol!) Nou is die eiland herdoop na "**Bomb Shelter Independent Island**" en hulle het **SOLE RIGHTS** vir die komende SA GOD Rallies!

Ons wil ook baie dankie sê vir almal wat **Sondag ons Opstandingsdiens** kom bywoon het! Dit was wonderlik en ons het ook vir **Freek Vermaak** saam met ons gehad wat 'n kragtige bediening het in ons SA Tronke. **Ondersteun hom en sy vrou tjie Hannah** gerus op facebook <http://facebook.com/freek.hannah>



*Willie van Stunter4Christ
oppad bos showers toe..*



*Ps Francois
by ons open-air
wasbakke!*

SA God Rally Celebration!

Ons is besig om te kyk na 'n geskikte datum vir 'n **SA GOD RALLY CELEBRATION DAY** in Klerksdorp om vir die mense wat nie die naweek saam met ons kon wees nie, dit moontlik te maak. Hou gerus ons facebook dop vir die aankondiging! Gaan great wees! www.facebook.com/SAGODRALLY

To God be the Glory!

Ons harte loop oor van dankbaar heid! Al het ons finansieël nie ons doelwit bereik om vir **Place of Restoration** 'n staalkonstruksie op te rig nie, weet ons God het die eer gekry vir elke mens wat aangeraak en veranderd huistoe gegaan het! Dit was alles die moeite werd! Hierdie trofee (regs) het ons spesiaal vir God die Vader, Sy Seun & Heilige Gees gemaak!

Ons kan nie genoeg dankie sê vir elkeen wat soveel werk en liefde ingesit het om hierdie naweek 'n reuse sukses te maak nie! Ons kan nie begin opnoem nie, maar julle weet wie julle is... 'n opregte dankie diep uit ons harte.

En vir die wat graag op Rocky Ridge Parys (ons rally site) wil gaan uitspan vir 'n naweek, kontak gerus vir **Marlene @ 083 628 2346** en bespreek sommer nou jou pozzy! Dis deur en deur die moeite werd! Kom ondersteun hierdie venue en bou daardeur ook God se Koninkryk!





Baie geluk aan Mnr & Mev Claassens!

Dis was vir ons 'n groot voorreg om vir **Pieter & Tanja** in die eg te verbind op **30 Maart 2012**.

Ons wens vir julle God se seën en guns toe op julle huwelik en julle lewenspad. Soos ons altyd sê: **"As jou huis op die ROTS Jesus Christus gebou word, sal dit altyd staande bly al is die storms hoe groot!"**

Kruispad kuier saam met AGS Arendsnes se Seniors!



Julle sien nou hoe breed lag hierdie tannie van **AGS Arendsnes in Stilfontein...**? Nou ja, so het dit die hele oggend gegaan op Donderdagoggend, **8 Maart**! Francois het behoorlik almal in sy sak gehad met al sy staaltjies, maar tussendeur het hy die Woord vlymskerp gesny en soveel mense se harte is aangeraak. Die Here het 'n groot werk kom doen en daar was soveel wonderlike getuienisse!

Tug of War 21 Apr 2012, Pretoria



Ons was al vroeg Vrydag oggend op pad van Orkney na Brits om by die Shekinah Dansgroep se leidster Margaret van Staden te gaan oornag sodat ons vroeg Saterdagoggend by die **Gerrit Maritz Hoërskool** kon wees vir ons optrede. Dit was 'n spesiale dag! **1000 mense wat tougetrek het** en so 'n Suidelike Halfrond rekord gebreek het. Alles ten bate van **Suffer the Children** wat 'n **NPO** Projek is.



Toe is dit weer al die pad terug Orkney toe, voertuie en tasse ruil en dadelik weer in die pad spring Vanderbijlpark toe!

AGS DINAMIKA 22 April

Dit was sommer weer soos ou dae! Ons het Saterdagoggend (toe al lekker moeg van al die ryery) lekker saam met Dinamika se musikante en sangers geoefen vir Sondag se diens. Daarna het ons gou ietsie gaan eet en so teen 23:30 was ons uiteindelik in die bed (dankie julle, ons het so lekker geslaap!) om weer 05:30 die volgende oggend op te spring vir die dag wat voorlê! Teen 07:30 was ons by die kerk om gou alles reg te kry en teen 09:00 het die diens begin! Ons het elke oomblik gekoester in God se

teenwoordigheid en wil vir **AGS Dinamika & Derick (Worship Director van AGS Dinamika)** baie dankie sê vir die wonderlike geleentheid om weer ons ou tuiste te kon besoek! Dankie ook aan Attie, Colleen, Leandri, Ninke en JC wat saam met ons die praise & worship gedoen het... julle was awesome en ons het julle oneindig lief! Ook vir ons eie kinders, Sonja (bass) & FC (drums)...julle is maar net ons trots!

Francois het 'n boodskap gebring uit 'n gedeelte van die Skrif wat baie mense dalk al oor gewonder het...

As God jou storm toe vat...

*Mattheus 14:22 En Jesus het dadelik sy dissipels **gedwing** om in die skuit te gaan en voor Hom uit te vaar na die oorkant, terwyl Hy die skare wegstuur.*

(v23) En nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid. En toe dit aand geword het (m.a.w dis was nog dag toe Hy die dissipels in die skuit gedwing het), was Hy daar alleen.



Daar is 3 verskillende tipes storms: 1) **Jona Storm** - jou EIE SELFGEMAAKTE storm
2) **Paulus Storm** - wanneer jy die MEERDERHEID volg en dan sekerlik die belangrikste storm
3) **Jesus Storm** - wanneer Jesus jou storm toe vat

Hoekom vat Jesus ons storms toe????

"Because you know I got to bring you to the end of your knowledge.. Ek wil hê jy moet op My vertrou!" "Ek moet jou bring op die einde van jou vermoëns, op die einde van jou kragte, op die einde van wat jy gesê het jy kan doen."

Die mens is maar 'n trotse wese en ja, dis gesond om trots te wees op jouself, want jy is immers deur God geskape en met eer en heerlikheid gekroon, maar wanneer trots jou begin wegtrek van jou bron... God ons Vader, raak dit gevaarlik. As jy meer begin vertrou op jy eie vermoëns, besittings, intelligensie, skoonheid, talente, pensioenfonds of wat dit ookal mag wees alhoewel jy God se kind is en begin voel dat JY in beheer is van JOU lewe....**FOUT, GROOT, GROOT FOUT!** Dis DAN wanneer Jesus dit nodig vind om jou eers storm toe te dwing sodat jou weer kan besef WIE jou bron is! Hy toets jou op die plek waar jy die gemaklikste is soos wat Petrus was, 'n visserman wat die see en die winde geken het. Maar julle weet mos wat het met hom gebeur het! **Ou Petrus het geskreeu van vrees en vir dië wat dalk nou in so 'n storm is, skreeu jy dalk van vrees. "Here, help my ek vergaan! Sien U my dan nie raak nie?!"** In vers 27 sê Jesus **"Hou goeie moed, dis Ek. Moenie vrees nie!"**

Jesus se oog bly op jou as Hy jou storm toe vat, maar Hy wag totdat jy hom gewilliglik in jou skuit innooi soos wat die dissipels gedoen het. **Totdat jy besef jy is NIKS sonder Hom nie!!!**

Psalm 30:5 For His anger is but for a moment, but His favour is for a lifetime or His favour is life. Weeping may last through the night, but joy comes with the morning!



Camp Fees:
 Normal Entry (13yrs +) - R300
 Children 0-4 Years - Free
 Children 5-12 Years - R220
 Pensioners 60+ - R250

NAAM / NAME	
VAN/SURNAME	
ADRES/ADDRESS	
WORK / WERK TEL	
SEL/CELL	
KERK/CHURCH	
ID NR	
VERVOER MET BUS? R200 per persoon vanaf Vanderbijlpark	
HANDTEKENING SIGNATURE	

BESPREKINGS & NAVRAE

Sonja: 018 473 5354 of 084 208 7604

Fax: 086 622 5363

Online: www.crossroad-ministries.co.za

Crossroad Gospel Message (Pty) Ltd

BANK: FNB Wilkoppies TAK KODE: 250655


REK NO: 62355533540 VERW NO: Naam & Sel

NB: Help ons assbelief hierdie jaar om ons besprekings te vergemaklik!

- **GEEN** besprekings sal gedoen word alvorens die volle bedrag nie betaal is nie.
- Bring asb jou **inbetalingsbewys KAMP** toe vir registrasie.

Ons jaarlikse, profetiese vrouekamp klop-klop alweer aan ons deur en hierdie jaar is dit vanaf **26-28 Oktober**, maar weer op die lekkerste kampterrein in Suid-Afrika, **DEO GLORIA!** Verlede jaar was ons by die 500 vrouens en ons maak ons hierdie jaar gereed vir 'n rekord jaar! Ons sal weer tussen 2 en 3 luukse busse hê wat op die N12 roete tussen Pretoria en die kampterrein gaan ry van so min as R200 retoer per vrou!!!

As JY wat nou hier lees, in jou gees ervaar om 'n vrou te borg, kontak ons asb of doen jou inbetaling na die bankbesonderhede soos op ons aansoekvormpie! Hierdie is saad waarop jy verseker 'n GROOOT oes kan verwag!



A Warm Thanks 2 Bike SA!

We would like to thank the editor of Bike SA, Mr. Simon Fourie for the excellent media coverage on the **SA GOD RALLY 2012** in their motorcycle magazine. From the advertisements up to the write-up in the May edition were done with excellence and we are thankful beyond measure! Thank you for sharing your precious time with us on a Sunday afternoon... we feel so honored and blessed!

May the Lord bless you for your contribution and may you experience His blessings and abundant favor in every area of your business and life!

Ps Francois & René van den Bergh & SA GOD Rally Management



North-West Bikers Church

Next Service 29 April 2012

Mayfair Village, Klerksdorp

You are Welcome

Crossroad studio

Ons video recording studio is besig om sy kop op te lig en sy eerste treetjies te gee! Ons het geweldig baie materiaal wat lê en wag om verwerk te word en nuwe uitdagings wat voorlê.

Ons verwelkom ook vir **Pieter Claassens** by ons Kruispad Span. Hy gaan vir ons help met ons opnames & verwerkings op 'n vryskut basis wat die las baie van ons skouers gaan afhaal aangesien hierdie 'n voltydse werk is en ons nie die tyd kan afstaan wat nodig is nie.

